**VAN DIE ELJADA HUIS SE TAFEL**
**'N NUUSBRIEF 13 Junie 2013**

Dagsê Almal
Ons kniel vanoggend weereens stil en sê sag dankie Here vir nog 'n week waarin ons so ongelooflik baie uit Sy hand ontvang het. Almal is altyd vol verwondering wanneer daar kos, klere en ander lewensmiddele afgelaai word sodat die swaarkry bietjie verlig kan word. Boonop is dit soooo koud en die warmsakke wat met liefde vir ons geskenk is was net betyds. Toe ek gisteroggend sakke uitdeel het ek geen idée gehad dat dit laasnag so bitter koud sou wees nie. Dankie weereens aan ons donateur.
Ek vra weer dat u aan ons sal dink in u gebede. Die swaarkry mense sukkel werklik om die ou gewoontes wat al so ingewortel is af te skud en die Here as hul enigste en ware Verlosser aan te neem. Baie dankie.
Ons het Woensdag by Linda van Bernina in Johannesburg gaan aanklop om bietjie probleme rondom die borduurwerk uit te klaar. Dit was vir die 5 vroue wat saamgery werklik 'n heerlike uitstappie en hulle is weer vuur en vlam om met die nuutgeleerde kennis baie te doen met die borduurmasjiene. Klein jakkalsies kan soms groter lyk as wat nodig is. Die knielkussingprojek groei geweldig en ons is baie opgewonde oor die toekoms van hierdie uiters geseënde projek. Ons sal egter moet begin kyk na 'n derde borduurmasjien om in die aanvraag te kan bly voorsien. Dit gaan ongeveer R20 000 kos vir nog 'n Deco 340. Dankie byvoorbaat vir elke klein of groot bydrae. Hierdie projek is een van ons werkskeppingsgeleenthede wat vir die vroue verskeie vaardighede leer wat hulle ook self tuis kan gaan gebruik. Die kwiltmasjien maak ook baie geleenthede oop en ons beplan mooi goeters vir die mark met hierdie nuutgevonde vaardighede en masjiene.
***GROOT PROBLEEM*** vir my is die gebrek aan ruimte binne die huis waar die werk gedoen word maar as alles goed gaan sal die hersonering en goedkeuring van die bouplan teen einde Julie afgehandel wees. Ons benodig egter dringend R15 000 om die diensteheffing se verhoging te betaal voordat die planne ingedien kan word. As 30 mense elk R500 kan gee het ons voldoende om die wiel aan die rol te kry. Die stadsraad het reeds die R45 000 vir die hersonering aan ons geskenk maar bogenoemde fooi is vir ons rekening. Ek dink almal wat reeds hier was weet hoe frustrasie dit vir my en Petro is om te funksioneer waar daar nie ruimte is nie. Ek wil ook graag die mans 'n geleentheid bied maar werkspasie bly steeds 'n probleem. Baie dankie byvoorbaat.

***Ek het steeds kinders wat op die koue vloer slaap en benodig groot asseblief 4 x enkel bedjies, 1 x dubbelbed, 1 x slaapbank vir dubbeldoel, 1 x stapelbed, 4 x strykplanke, 4 strykysters, 2 x ketels, 4 x kookplate, 2 x kookplate met oond.***
***Vir die koue is ons kindertjies aan die verkluim en hulle vra groot seblief mussies, handskoentjies, serpies, kindernagklere, sokkies, tekkies en sweetpakkies***. Indien u graag wil help kontak my asb vir die ouderdomme.

**Ons daaglikse behoeftes:**
- Blikkies – vleis, vis en groente
- Soja, rys, sopmengsels, macaroni en spaghetti
- Koffie, tee, suiker en boksmelk
- Broodsmere – margarien, konfyt, . stroop, grondboontjiebotter, Bovril
- Kookolie, eiers en koekmeel
- Vars vleis, eiers, groente en vrugte
- ➢ Toiletware – badseep, tandepasta, sjampoe, spuitgoed, aanrol, skeer messe, sanitêre doekies, handeroom, toiletpapier, waspoeier, sunlight seep en vadoeke.

Knielkussings beskikbaar by:
***Faith 0823346384 / faith@faithduriekussings***

Ons bankbesonderhede :
***Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 051001***

***Eljada Huis***
***Boekenhoutkloof straat 949, Claremont.***
***T – 012 377 0503***
***S – 072 855 8289 Annatjie***
***S – 076 738 2623 Petro***
***eljadahuis@mweb.co.za***
***www.eljadahuis.weebly.com***

**Eljada Huis groete.** **Annatjie**

***DAGBOEK ASB***
***2 November 2013 Markdag***